Les 1: Dawid se Familie Boom

Veewagter

Doel:

Om die kinders te laat besef dat hulle deel is van 'n groter familie en dat die fami lie sekere eienskappe aan die kind gee wat as hy/sy dit weet en aanvaar, dit vir hom/haar verder vorentoe kan neem. Ons gaan dié begrip m.b.v. Dawid se storie aan die kinders verduidelik en hulle so aan Dawid bekendstel op wie se lewensverhaal die res van die jaar se lesse gebaseer is.

Hulpmiddels:

1. Inleiding – Sosatiestokkies (een per kind)
2. Aktiwiteit – skoon papier, houtlym, stokkies en blare, klein gekleurde reghoekies om name op te skryf (1cm x 4cm)

Inleiding:

Laat die kinders 'n kompetisie hou om te kyk wie die verste met 'n sosatiestokkie kan gooi. Laat hulle 2 rondtes hou. Die eerste rondte kan hulle net veerpyltjie-styl gooi (d.w.s. hulle mag nie verder terug trek as hulle wang nie). Die tweede rondte moet hulle so ver as moontlik van agter af uithaal en gooi (soos spiesgooi) . Laat die kinders besef dat hulle baie verder kan gooi as hulle ver kan terug trek. Dis soos die waarde van 'n stamboom. Jy weet ver terug en dit gee jou 'n "Launching pad" vir die toekoms.

Les:

Wie van julle ken die name van julle oupa en ouma. Wie ken die name van julle oupa en ouma se ouers? In die Bybel lees ons in Lukas 4:23-38 van so 'n geslagsregister of stamboom. (lees 'n kort stukkie voor net om vir kinders die gevoel te gee dalk van vers 38 -36) Ons gaan vandag net 'n klein stukkie van die stamboom leer ken - die stamboom van Dawid.

Elkeen van ons het so 'n stamboom. Party weet ver terug en ken selfs voorgeslagte wat uit 'n ander land kom. Maak nie saak hoe ver jy jou stamboom ken nie, dit het steeds dieselfde invloed op jou.

Kom ons kyk saam na Dawid s'n en vul syne in. (maak een by die huis klaar met die leë blokkies en vul dit daar in.)

Dawid (is seun van)→Isai→Obed→Boas.

Wie weet iets van die mans? Jesaja 11:1 praat van Isai en voorspel dat daar uit die stomp van Isai 'n loot sal spruit wat na Jesus verwys.
Boas was die man van Rut

Wie weet hoeveel broers Dawid gehad het en hoeveelste hy gebore is? Hy was een van agt broers en was die jongste.

Lees 1 Sam 16:10

Toepassing:

Die interessante is dat Jesus deel van Dawid se bloedlyn is... Julle kan dit lees in Lukas 4 (dis egter te lank om vir die kinders te lees)

Die wonderlike is dat enige mens ook deel van Jesus se bloedlyn kan word. Johannes 1:12 sê dat as ons Jesus aanneem Hy ons die reg gee (wettig verklaar – ons die aannemings-reg gee) dat ons sy kinders is.

Aktiwiteit:

Laat die kinders hulle eie stamboom maak en laat hulle dit by die huis saam met hulle ouers invul en die volgende keer saambring. Die kinders moet 'n interessante feit van elke persoon probeer invul.

MY FAMILIE BOOM